KWARTAAL 2

# NUUSBRIEF

HOËRSKOOL MONTAGU

KENNIS KARAKTER TROTS

*Kwaliteit Onderrig en Leer*


023 614 1390

www.hsmontagu.co.za

mhsadmin@barvallei.co.za

# ____UIT DIE KANTOOR____

Liewe Montie Ouers/Voogde, Leerders en Vriende van die skool

Ek kan nie glo dat die tweede kwartaal iets van die verlede is nie. Die tyd het gevlieg en die Monties is vol skop. Ek glo dit kan toegeskryf word aan die feit dat die skool so 'n besige program het. Hier by die Hoërskool Montagu is daar 'n miernes van bedrywighede wat plaasvind.

Baie dankie vir elkeen se bydrae en harde werk tydens die kwartaal. Ons Monties het pragtige prestasies behaal tydens 'n vol en besige program. 'n Spesiale woord van dank aan die HSMO en al ons betrokke ouers/voogde vir jul harde werk en ondersteuning. Alle dank aan ons Hemelse Vader wat ons so geseën het. Ek sien uit na 'n baie opwindende derde kwartaal wat voorlê.

**Akademie**

Graag doen ek 'n beroep op ouers om die personeel by te staan met u kind se akademie. Ons besef dat baie ouers/voogde bedags werk en dat kinders na skool by iemand bly of op hul eie aangewese is. Onderwysers is bekommerd oor hierdie leerders wat nie hul deel doen nie. **Die tendens, dat tuiswerk en opdragte nie voltooi word nie, is duidelik sigbaar by sommige leerders waar daar geen kontrole tuis is nie. Dit blyk dat selfdissipline ontbreek en ons vra dat ouers/voogde kinders se werk gereeld sal kontroleer.** Ons merk ook op dat leerders selde oor naweke hard werk of genoeg tyd aan hul akademie spandeer. Wees asb. bedag op waar u kind hom/haar oor naweke bevind en beperk uitslaap en rond-kuier.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Handboeke**
Alle handboeke moet netjies oorgetrek wees en verantwoordelik opgepas word. Leerders wat handboeke verloor of beskadig, sal ‘n rekening ontvang vir dié boeke se vervanging. Elke leerder in die skool moet ook ’n **dagboek** besit en gebruik.

**Ouergesprekke**
Ouers het die geleentheid gehad om op 14 April gesprekke met opvoeders te voer. Die volgende ouergesprekke vind plaas op Dinsdag, 28 Julie 2026, vanaf 16:30 - 18:30.

Afsprake met die opvoeders van u keuse om die vordering van u kind te bespreek, kan gemaak word deur mev. Beets by die skool vooraf te skakel by 023-6141390.

Maak asseblief gebruik van die geleentheid. Ons wil graag saam met u 'n plan van aksie uitwerk vir u kind se vordering en ondersteuning vir die res van die jaar.

**Afwesigheid**
Kontak asb. die skool voor 09:00 soggens, indien u kind ernstig siek of afwesig is. Leerders moet asb. 'n geldige afwesigheidsbrief inhandig, sodra hulle terug is by die skool. Versuim om kontak te maak of 'n brief in te gee, sal lei tot detensie.
**Leerders moet elke dag by die skool aanwesig wees tot op die laaste dag van elke kwartaal.** Moet asb. nie enige afsprake of vakansieplanne maak, voordat die skool nie amptelik gesluit het nie. **Leerders moet asseblief nie Vrydae vroeg onttrek word nie.** Slegs vir doktersafsprake sal toestemming gegee word en dan moet die bewyse ingehandig word. Sterk asb. ons hande.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Afsprake met onderwysers en besoeke aan die skool**

Soos in die verlede, is u meer as welkom om enige saak rakende u kind met die onderwysers, graadhoofde en/of die hoof te kom bespreek. Ons versoek u egter om dit asseblief per afspraak te doen, sodat daar koördinasie kan plaasvind en nie onnodige tyd verlore sal gaan nie. Kontak asb. die kantoor om vooraf 'n afspraak te maak. Wanneer u 'n besoek aan die skool aflê, versoek ons u ook vriendelik om altyd eers by die kantoor aan te meld.

Ter wille van koördinasie gee ons die volgende reëlings aan u deur.

- **Akademiese probleme:** Afspraak met betrokke onderwyser(s) en/of die betrokke graadhoof.
- **Leerderondersteuning:** Afspraak met betrokke graadhoof en/of mev. Kriel (hoof van leerderondersteuning
- **Gedragsprobleme van leerders:** Afspraak met betrokke onderwyser(s) en/of die betrokke graadhoofde en/of mnr. Booysen (seuns se netheid) of mev. Beukes (dogters se netheid). Ernstige gevalle word verwys na ons hoof van dissipline, mnr. Van Brouwershaven.
- **Sport- en Kultuurprobleme:** Afspraak met betrokke afrigter(s) van u kind(ers) en/of mnr. Roos (Sport) en mev. Ferreira (Kultuur)
- **Bemarking /Advertensies /Borgskappe:** Afspraak met mnr. Booysen en/of mev. Burger.
- **Geboue, Terrein en Veiligheid:** Afspraak met mnr. Van Brouwershaven
- **Bespreking van skoolfasiliteite:** (Sportterrein, saal, klubhuis ens.) Skakel asseblief mev. Beets in die kantoor. Gebruik van klubhuis en reëlings: Kontak mev. Joubert.
- **Finansiële navrae/reëlings:** Afspraak met mev. Southey.
- **Afwesigheid, Leerdernavrae en Toelatings:** Kontak mev. Beets.
- **SBL- en Onderwyser/Skoolsake:** Afspraak met mnr. Prins (wnd. Skoolhoof)
- **Koshuisnavrae:** Kontak mev. Van Aarde (koshuismoeder) of mnr. Van Brouwershaven (koshuisvader).

Let Wel: Hierdie afsprake met spesifieke persone by die skool, is ons amptelike kommunikasiekanaal. Moet asb. geen kommentaar of boodskappe op sosiale media stuur nie, maak gerus 'n afspraak om die aangeleentheid in persoon by die skool met die regte persoon te kom bespreek. Ons versoek u weereens vriendelik om te alle tye eers die kantoor tydens skoolure te kontak vir 'n afspraak en by die ontvangstoonbank aan te meld met u skoolbesoek. By voorbaat baie dankie hiervoor.

# ____UIT DIE KANTOOR____

**Sosiale media**
Aanlyn veiligheid is ’n belangrike deel daarvan om kinders en personeel by Hoërskool Montagu veilig te hou. Ons kan slegs ons kinders en personeel beveilig as ons saamwerk om te sorg dat boodskappe oor aanlyn veiligheid konsekwent is en dat alle lede van die gemeenskap se aanlyn praktyke veilig en gepas is.

Ons vra u steun en hulp om toe te sien dat ons kinders oor verantwoordelike aanlyn rolmodelle beskik wat die plasing en deel van inhoud op sosiale netwerke betref. Ons wil graag alle ouers/ voogde en leerders vra om na te dink oor hoe ons aanlyn kommentaar dalk verkeerd verstaan of vertolk kan word, sowel as die moontlike impak en gevolge van ons aanlyn optrede.

Dit is belangrik dat alle lede van die gemeenskap van Hoërskool Montagu verstaan dat die gebruik van tegnologie (waaronder sosiale netwerke, selfone en ander webtuistes) om ’n ander persoon opsetlik te dreig, ontstel, teister, intimideer of in die verleentheid te stel, as kuberafknouery, teistering of naamskending beskou kan word. Kuberafknouery is ewe skadelik as tradisionele afknouery en word nie by Hoërskool Montagu geduld nie.

Ons neem alle gevalle van kuberafknouery, teistering of naamskending wat met ons skool, sy leerders of enige van ons personeellede verband hou, baie ernstig op omdat ons wil hê dat lede van die gemeenskap veilig en gelukkig moet wees sowel op as weg van die internet.
Die plasing van dreigende, onwelvoeglike of aanstootlike kommentaar aanlyn kan ook moontlik op ’n strafregtelike oortreding neerkom, en kan dus ernstige gevolge inhou.

Indien ouers, voogde, leerders of enige lid van die gemeenskap enige probleme of klagtes met betrekking tot die skool het, versoek ons vriendelik dat dit deur die korrekte en amptelike kanale hanteer word sodat ons kan saamwerk om enige kwessies uit te stryk.

Ons moedig alle ouers en leerders aan om asseblief sorgvuldig na te dink oor die inligting en kommentaar wat ons aanlyn plaas. Dit is belangrik dat ons almal die moontlike impak en implikasies van sodanige inhoud vir ons en ons families sowel as ander lede van die skoolgemeenskap in gedagte hou.

By voorbaat dankie vir u ondersteuning in hierdie verband.

# ____UIT DIE KANTOOR____

**Waardes in ons skool**
Waardes is sedelike of etiese beginsels wat ons as goed en belangrik beskou.

Dit kan vergifnis, eerlikheid, vryheid, liefde, respek vir die lewe en selfbeheersing insluit. Ons waardes beïnvloed dus ons gedrag, prioriteite en verhoudings sowel as die sedelike leiding wat ons ons kinders gee.

Hanteer almal om jou soos wat jy graag wil hê hulle moet jou hanteer. Toon die nodige respek, wees eerlik en neem ander se gevoelens in ag.

Waardes is nodig in enige werkplek. Ons as mense het ons eie waardes en so het ons skool ook sy eie waardes. 'n Voorbeeld hiervan is dat deur met respek te lei, ons 'n omgewing skep waar mense die vrymoedigheid het om voorstelle te maak en idees te opper wat tot die skool bydra, en waar mense werklik vir mekaar omgee en goed saamwerk om hulle volle potensiaal te bereik.

**'n Paar waardes wat vir ons skool belangrik is:**

- Wees eerlik en lojaal teenoor mekaar, jou onderwysers, mede-leerders en elke personeellid.
- Kommunikeer met diegene om jou. Druk idees duidelik en eenvoudig uit, luister na ander mense, skep 'n omgewing waar mense gemaklik is om hulle gedagtes te deel en almal se opinies in ag te neem.
- Gee en vra terugvoer. Streef daarna om altyd die beste skoolresultate te bied wat jy moontlik kan en 'n goeie leerder vir jou skool te wees.
- Bevorder spanwerk en moedig dit aan. Skep 'n verbintenis tot gemeenskaplike doelwitte, neem deel aan spanbou-aktiwiteite waar samewerking aangemoedig kan word.
- Wees 'n voorbeeld vir ander. Wees positief oor hoe om op 'n etiese manier sake te doen, stres te beheer en 'n gebalanseerde skoolomgewing te skep.
- Behandel mense met respek en respekteer ook jouself.
- Neem verantwoordelikheid in die skool. Wanneer jy 'n fout gemaak het, probeer dit regmaak en neem verantwoordelikheid daarvoor, eerder as om dit te probeer toesmeer.

Die belangrikste van alles bly dat elke persoon daarvoor verantwoordelik is om integriteit en leierskap te toon deur te voldoen aan die vereistes van gedragskodes en reëls. Tree in die beste belang van ons skool en van ons leerders op. Wees ook lojaal teenoor ons skool en streef elke dag daarna om dit 'n beter plek vir ons almal te maak.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Skool gesluit en Sekuriteit**

Die skool sluit Vrydag, 26 Junie en vanaf Saterdag, 27 Junie tot Sondag, 12 Julie sal daar geen personeel by die skool wees nie. Alle hekke sal gesluit wees en geen leerders/besoekers word vir dié twee weke op die terrein toegelaat nie. Vanaf Donderdag, 16 Julie sal ons terreinpersoneel weer terug wees by die skool en mag leerders met vooraf toestemming en onder toesig die terrein van 07:00 tot 16:00 betree om sport te oefen. Leerders moet vooraf reël met hul betrokke afrigters.

Slegs leerders van Hoërskool Montagu mag die skool se fasiliteite gebruik. Indien enige leerder van die skool, die skoolterrein gedurende die vakansie wil gebruik, moet daar persoonlik by die Skoolhoof toestemming verkry word. Indien enige vreemde persoon op die terrein gesien word, moet dit dadelik by mnr. Strydom aangemeld word.

**Skool heropen**

Die skool heropen Dinsdag, 21 Julie om 08:00 en vanaf Woensdag, 22 Julie om 07:30 vir die res van die kwartaal. Ons dra steeds volle wintersuniform en volg winterstye. Die skool verdaag Maandae en Woensdae om 14:30, Dinsdae en Donderdae om 14:45 en Vrydae om 14:00. Dinsdae en Donderdae sluit ons af met ons aktiwiteitsperiode van 13:15 tot 14:45.

**Matriekafskeid 2026**

Die hoogtepunt van ons graad 12 leerders se skoolloopbaan is altyd hul matriekafskeid. Hierdie jaar vind dié geleentheid plaas op Dinsdag, 22 September in die skoolsaal. Baie moeite word gedoen met die beplanning van die glansgeleentheid en dit beloof om 'n onvergeetlike aand vir ons leerders te wees.

# _____UIT DIE KANTOOR_____

**Ten slotte**
Soos ons die wintervakansie nader, wil ons graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u opreg te bedank vir u volgehoue ondersteuning, lojaliteit en betrokkenheid by ons skool. U samewerking, vertroue en omgee maak 'n groot verskil in die lewens van ons leerders en personeel, en ons waardeer dit opreg.

Die winter bring dikwels 'n rustiger pas, koue oggende, warm komberse en die geleentheid om nader aan mekaar te beweeg. Dit herinner ons daaraan dat die belangrikste dinge in die lewe nie altyd die grootste of duurste is nie, maar dikwels die eenvoudige oomblikke wat ons met die mense naaste aan ons deel.

Ons wens elke gesin 'n geseënde, veilige en vreugdevolle wintervakansie toe. Mag hierdie tyd vir u en u kinders gevul wees met lag, geselsies rondom die tafel, warm koppies koffie of kakao, en die skep van kosbare herinneringe wat nog lank gekoester sal word.

Tyd saam met ons geliefdes is een van die waardevolste geskenke wat ons ontvang. Ons moedig u aan om hierdie tyd uit te koop, om die geleenthede te benut om saam te wees, na mekaar te luister en nuwe herinneringe te bou. Die dae gaan vinnig verby, maar die herinneringe wat ons saam skep, bly vir altyd deel van ons lewensverhaal.

Dankie dat u saam met ons die opvoeding en ontwikkeling van ons leerders ondersteun. Ons sien uit daarna om almal na die vakansie weer veilig en uitgerus terug te verwelkom.

Mag die winter vir u warmte in u huis, vrede in u hart en vreugde in u gesin bring.



Montie-groete

**Mnr. Tertius Prins**
*wnd. Skoolhoof*

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 8

| | |
|---|---|
| Cody | Adendorf |
| Eryl | Appolis |
| Avenathi | Bhozo |
| Petronella | Burger |
| Liane | De Beer |
| Hereetha | De Koker |
| Sune | Esterhuyse |
| Marse | Hendricks |
| Shiree | Jaftha |
| Charlissa | Jordaan |
| Alaina | Meyer |
| Martin | Nel |
| Jacques | Visagie |
| Hugo | Voges |
| Ruve | Williams |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 9

| | |
|---|---|
| Adri | Bothma |
| Johenlin | Buchner |
| Jocelyn | Conradie |
| Willow | Esau |
| Tamar | Hendricks |
| Pearl | Jaftha |
| Sean | Little |
| Rojean | Marais |
| Marqueth-Lee | Marthinus |
| Sonwabo | Mgada |
| Joy-Line | Nel |
| Owentando | Ngabaza |
| Shjar-Moné | Swanepoel |
| Christian | Voges |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 10

| | |
|---|---|
| Lodewyk | Beukes |
| Meoné | Bure |
| Ruan | Cloete |
| Corlea | De Koker |
| Denisia | Domingos |
| Aneischa | Jakobs |
| Lienka | Joubert |
| Ané | Nomdo |
| Aneisha | Philander |
| Amorey | Potgieter |
| Zack | Roos |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 11

| | |
|---|---|
| Anzelle | Albanie |
| Jason | Bezuidenhout |
| Anél | De Bruyn |
| Mia | Ellis |
| Gersh-Lynn | Fisher |
| Isabelle | Hahndiek |
| Jaime | Johnson |
| Stella | Meyer |
| DJ | Minnaar |
| Henko | Nel |
| Revean | Segelaar |
| Lizca | van Aarde |
| Adriana | Visagie |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___20 TOP PRESTEERDERS___

## GRAAD 12

| | |
|---|---|
| Jacobus | Beukes |
| Sergio | Burger |
| Mia | Dettbarn |
| Tsenré | Ernest |
| Ehrin | Fortuin |
| Joël | Gordon |
| Peter | Hattingh |
| Thamson | Jansen |
| Janae | le Roux |
| Conli | Maake |
| Nina | Malherbe |
| Ruby-Rose | O'Shea |
| Emma | Olivier |
| Mieke | Olivier |
| Danika | Schoeman |
| Micole | Serone |
| Tashley | Skippers |
| Kerishnie | Snyman |
| Jadelyn | van Wyk |
| Anja | Wolfaardt |

**Slegs leerders met 'n gemiddeld bo 70%.**

# ___BELANGRIKE DATUMS___

## KWARTAAL 3

JULIE

| | |
|---|---|
| 21 Dinsdag | **SKOOL HEROPEN PERSONEEL 08:00**<br>*(Wintersdrag)*<br>Aktiwiteitsperiode 13:15 - 14:45 |
| 22 Woensdag | **WINTERSTYE** Skool begin 07:30 |
| 23 Donderdag | **SPORTDAG:** Hokkie vs Montana (T) |
| 24 Vrydag | |
| 25 Saterdag | **SPORTDAG:** Overberg (W) |
| 27 Maandag | Netheidsinspeksie<br>**Top Presteerder aand 18:00** |
| 28 Dinsdag | **Ouergesprekke Gr.8-12** - 16:30 - 18:30 |
| 29 Woensdag | Jnr & Snr Afrikaanse Spelbytjie<br>**SPORTDAG:** Hexvallei Sekondêr (W) |
| 30 Donderdag | |
| 31 Vrydag | |

# AUGUSTUS

| | |
|---|---|
| 1 Saterdag | **SPORTDAG:** Langenhoven Gimnasium (T) |
| 3 Maandag | |
| 4 Dinsdag | |
| 5 Woensdag | |
| 6 Donderdag | |
| 7 Vrydag | |
| 8 Saterdag | **SPORTDAG:** Langenhoven Riversdal (T) |
| 10 Maandag | **VAKANSIEDAG** |
| 11 Dinsdag | |
| 12 Woensdag | **FOTODAG:** (Groepfoto's)<br>Jnr & Snr Spelling Bee |
| 13 Donderdag | |
| 14 Vrydag | |
| 15 Saterdag | **SPORTDAG:** Charlie Hofmeyr (W) |
| 17 Maandag | BK Geesvangweek |
| 18 Dinsdag | |
| 19 Woensdag | |
| 20 Donderdag | Sport-Sokkie |
| 21 Vrydag | Sport / Oscar-dag |
| 22 Saterdag | **SEWES:** Kwaggas |
| 24 Maandag | **Gr.9 Vakkeuseaand** |
| 25 Dinsdag | |
| 26 Woensdag | **Gr.12 Rekordeksamen begin** |
| 27 Donderdag | |
| 28 Vrydag | |
| 29 Saterdag | **SEWES:** Hugenote |
| 31 Maandag | |

# SEPTEMBER

| | |
|---|---|
| 1 Dinsdag | |
| 2 Woensdag | **Rade inhuldging 18:00** |
| 3 Donderdag | **KOORFEES - HSM** |
| 4 Vrydag | |
| 5 Saterdag | **SEWES:** Paarl Gimnasium |
| 7 Maandag | **Gr.8 - 11 Mini Eksamen begin** |
| 8 Dinsdag | |
| 9 Woensdag | |
| 10 Donderdag | |
| 11 Vrydag | |
| 12 Saterdag | **SEWES:** Hoërskool Strand |
| 14 Maandag | |
| 15 Dinsdag | |
| 16 Woensdag | **Eksamen Eindig**<br>**Matrieks Oscars** |
| 17 Donderdag | **Algemene Kennis Toets** |
| 18 Vrydag | **Matriek Temadag** |
| 19 Saterdag | **SEWES:** Hoërskool Montagu |
| 21 Maandag | Gr.12 LSM Saal 09:00<br>Gr.12 Matriekdag & Braai<br>Gr.8 & 9 Aflos 08:00-13:00 |
| 22 Dinsdag | **MATRIEKAFSKEID** |
| 23 Woensdag | **SKOOL SLUIT** |

# _____PROVINSIAAL_____



Baie geluk aan al die leerders wat vanjaar in verskeie provinsiale-spanne opgeneem is

**Agter:** Daniel Rossouw *(Hengel)*; Zack Roos *(Atletiek)*
**Middel:** Christian Hartman *(Hokkie)*; Aneisha Philander *(Netbal)*; Cohen Jansen *(Rugby)*
**Voor:** Lincoln Joseph *(Rugby)*; Jadelyn van Wyk *(Hokkie)*; Eldrin de Koker *(Rugby)*.

Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle.
Julle harde werk, deursettingsvermoë en toewyding het vrugte afgewerp.

Baie geluk – julle is uitstekende ambassadeurs vir ons skool!

H.S. MONTAGU

NISI · DOMINUS · FRUSTRA

# JY HET DIE KRAG OM JOU TOEKOMS TE SKEP!



**Die lewe of mense skuld jou NIKS!**

**Dit is nie waarvandaan jy kom nie, maar waarheen jy oppad is.**

**Jy bepaal waarheen jy oppad is en dit begin VANDAG!**

## JOU TOEKOMS. JOU KEUSE. JOU TYD!

# MAAK DIT TEL!

LEER | STEL DOELWITTE | NEEM AKSIE | BEREIK JOU DROME

NISI • DOMINUS • FRUSTRA

# Geniet die vakansie en kom veilig terug!

H.S. MONTAGU

NISI - DOMINUS - FRUSTRA

*Montie Groete*